SAKE 24 (Rapport)
Sunday, 21 February 2010, p. 9

Só het Gordhan gevaar

'n Span kenners gee mnr. Pravin Gordhan, minister van finansies, 'n punt uit 10 vir sy 2010-'11-begroting. Die gemiddeld is 'n goeie 7,5 uit 10, skryf Riana de Lange

Mnr. Mike Schüssler, ekonoom van Economists.co.za.

Met hierdie begroting het dit gegaan oor wat goed is vir Suid-Afrika. En dit is wat die minister gedoen het – 'n baie verstandige begroting vir die tyd waarin die wêreld en Suid-Afrika hul bevind. Dit is belangrik om te weet die ekonomiese beleid word nie verander elke keer as daar 'n nuwe president aan bewind kom nie.

7

Prof. Jackie Arendse, Universiteit van die Witwatersrand.

Mnr. Pravin Gordhan het goed gedoen deur die stabiliteit in die begroting te gee wat Suid-Afrika nodig het in die huidige ekonomiese tye. Natuurlik is ons verlig dat belasting op individue nie verhoog is nie, maar Suid-Afrikaners raak ongelukkiger oor die belasting wat hulle betaal omdat hulle voel hulle kry nie waarde vir geld nie. Ons voel ons kry minder en minder vir wat ons betaal.

7

Mnr. Brent Keevy, besturende direkteur van Finmap Financial Services in vennootskap met Stonehouse Capital.

Die minister verdien 'n goeie punt, want gegewe die begrotingstekort en die regering se dalende inkomste het hy geen beweegruimte gehad nie. Dit is goeie nuus dat individuele belasting nie verhoog is nie en maatskappybelasting ook dieselfde gebly het. Verder verdien hy 'n pluimpie dat daar na die werkloses gekyk word. Die plan vir werk vir jeugdiges is goed, maar moet met maklike stelsels gepaardgaan.

7

Mnr. Ian Marsberg, makro-strateeg by Absa Capital.

Wat my daarvan weerhou om die minister 9 uit 10 te gee, is dat min in die begroting gesê is oor die ondoeltreffende besteding binne regeringsdepartemente. Hopelik fokus hy volgende jaar meer daarop. Vir eers is ons nie besorg oor die begrotingstekort nie. Dit vraag is waarheen ons op pad is daarmee en dit is goed dat die minister sê dit gaan verklein oor die volgende paar jaar.

8

Mnr. Maarten Ackerman, beleggingstrateeg by Citadel.

Dit is moeilike tye en boonop moeilik om almal in die reënboognasie gelukkig te hou. Tog het almal iets uit die begroting gekry om oor tevrede te wees. Die minister het nie te erg op enige tone getrap nie. Die planne, idees en optredes is goed. Met die wind van 'n beter wêreldekonomie van agter en streng dissipline meen ons hy sal sukses behaal met wat in die begroting uitgestippel is. Daar is later die gevaar van druk op belasting as die begrotingstekort nie in bedwang gebring word nie.

8

Prof. Hendrik Lloyd, direkteur van die skool vir ekonomie, ontwikkeling en toerisme aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit.

Die begroting slaag daarin om al die noodsaaklike faktore soos ekonomiese groei, maatskaplike ontwikkeling en stabiliteit binne die ekonomie te balanseer. Die begroting is konsoliderend van aard, gegewe die feit dat ons uit 'n resessie kom. Daar is weer baie klem gelê op maatskaplike aspekte en in die besonder werkloosheid, armoede en ongelykheid in inkomste. Tog gebeur dit nie ten koste van ekonomiese groei nie.

8